# Dit is alles in die oog!

In 2002 as ‘n bemoediging aan boere gedurende die Zimbabwiese plaasbesettings geskryf

*Mat 6:22 "Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg* (enkelgesind) *is, sal jou hele liggaam verlig wees.*

*6:23 "Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie!*

**Plaasbesettings is Zimbabwe**

Ek weet dat baie van julle jul lewensonderhoud verloor het, en ek kry julle innig jammer. Ek het my familie gehelp om van hulle plaas wat deur die regering gevat is – die plaas waar ek grootgeword het - weg te trek. Daar het ek my broer se graf met die grafsteen wat ek nog sorgvuldig vir hom gegraveer het, gaan besoek. Die graf lê rustig onder die groot *Muchakatabome.* Dit mag dalk die laaste keer gewees het – ten minste vir ‘n baie lang tyd – dat ek dit gesien het en ek bid dat sy graf nie soos baie ander dinge ontheilig sal word nie.

Terwyl ek daar weggery het, het ek die baie hutte aanskou, die hope hout van die bome wat onoordeelkundig afgekap is – die hele landskap is ontheilig! ‘n Paar jongmense het kwaai hul vuiste vir my geswaai soos ek verbygery het. Dit is maklik om op so ‘n tyd kwaad en verbitterd te word.

**Dié wat alles verloor het**

Wanneer ek egter talle ander mense ontmoet wat ook alles verloor het, sien ek dat daar nog van hulle is wat helder oë, 'n hernude visie en 'n duidelike doel vir die lewe het! Een boer waarvan ek weet, het 'n uitvoer besigheid begin waar hy plaasprodukte oor die grens verkoop, en hy doen baie goed daarmee. Alhoewel hy alles verloor het, het hy nie toegelaat dat sy wil gesteel word nie en hy gaan voort om 'n seën vir die gemeenskap as 'n geheel te wees. Ek salueer hom!

Wat is dit wat die verskil maak? Wat veroorsaak dat een man in bittere worde opgee en 'n ander soos 'n opstandingsplant ná die eerste reëns opspring? *Ek glo dit is alles in die oog!*

Die Engelse King James vertaling stel die teksvers ietwat anders. Dit sê:

> *Mat 6:22 "... If therefore thine eye be **single**, thy whole body shall be full of light ..."*

Wat beteken hierdie ou Engelse uitdrukking, *"single"*? Ons kan moontlik 'n beter begrip hiervan kry as ons na 'n Skrifgedeelte kyk wat oor presies die teenoorgestelde praat:

> *Jak 1:8 "so 'n **dubbelhartige** man, onbestendig in al sy weë."*

Hierdie vers praat duidelik van besluitneming en gedagtepatrone of menings met betrekking tot die rigting van 'n mens se toekoms. Dubbelhartigheid veroorsaak onbestendigheid. Neem kennis, dit is nie die oorlogsveterane of die situasie rondom ons wat

onbestendigheid veroorsaak nie, dit is ons eie dubbelhartigheid.

Ek neem dit waar in die internasionale gemeenskap se manier hoe hulle die Zimbabwiese krisis hanteer. Niemand wil 'n besluit neem nie. Almal hoop dat die probleem deur een of ander wonderwerk net stilweg sal verdwyn. Probleme gaan egter nooit net stilletjies weg nie. Hulle word oorkom deur *manne en vroue wat 'n duidelike begrip het van wat reg en verkeerd is*, en as gevolg van daardie begrip neem hulle definitiewe en moedige besluite en volg hulle onwrikbaar die pad van daardie besluite, ongeag wat gebeur. Dit is wat verandering meebring.

Mag ek ook, met respek, sê, ek dink die buitewêreld is oor die algemeen ver te diplomaties en afgewater deur baie jare van kompromieë om 'n standpunt vir reg of verkeerd in te neem. As daar enige verandering gaan plaasvind, sal dit van binne af buitentoe gebeur, en ons Zimbabwiërs en Suid-Afrikaners (beide swart en wit) sal moedig daardie persoonlike standpunt vir reg en geregtigheid moet inneem.

Om dit te kan doen, moet ons *enkelgesind* wees met die *Woord van God as ons rigtingwyser*. Ons sal helderdenkend moet wees oor wat bereik moet word, beide op persoonlike en op nasionale vlak, en ons sal aan die werk moet spring – deur God se genade!

Ek glo dat die situasie elke persoon uitgedaag het om sy of haar persoonlike doelwitte en ambisies te heroorweeg. Dit is duidelik dat diegene wie se ambisies of lewensdoelwitte op die persoonlike verwesenliking van rykdom en gemak gebasseer was, vinnig besig is om te

verkrummel, en al die rykdom van die wêreld wat opgegaar is, soos dryfsand verdwyn. Vir diegene wat tot dusver net aan rykdom en gemak gedink het, is hierdie ‘n verskriklike tyd en is die volgende Skrifgedeelte *van toepassing*:

*Luk 12:16 “Toe vertel Hy hulle hierdie gelykenis: ’n Ryk man se grond het goed gedra.*

*12:17 “En hy het by homself geredeneer en gesê: Wat sal ek doen, want ek het geen plek waar ek my oes kan insamel nie?*

*12:18 “Toe sê hy: Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel.*

*12:19 “En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik.*

*12:20 " Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s’n sal dit wees?*

*12:21 " So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie.”*

Hierdie Skrifgedeelte is nie teen rykdom gekant nie. Dit spreek egter vir my duidelik oor fokus. Dit praat vir my oor die oog. Ons openings teksvers oor die enkelgesindheid van die oog volg onmiddellik op Jesus se leer oor skatte:

*Mat 6:19 "Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie;*

*6:20 "maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie;"*

**Die fokuspunt van ons hart**

*Wat is die fokuspunt van ons hart?* As dit met rykdom en gemak afgelei is, is ons op gladde grond en dan sal hierdie 'n verskriklike tydperk wees. Maar as ons harte op ons roeping en doel vir die lewe gerig is – om 'n seën vir die gemeenskap te wees – dan het ons ons grootste geleentheidsveld betree, want die behoeftes om ons is soos onoorkombare bergreekse.

Ons gaan God se wonderwerkende krag nodig hê om deur hierdie een te kom! Ons is in 'n krisis van epidermiese proporsies gedompel en ons het elkeen die vermoë om in die lewens binne ons onmiddellike bereik 'n verskil te maak.

As jy net een hektaar mielies kan plant, plant dit dan, en kry die beste opbrengs wat jy moontlik kan. Daardie hektaar sal die lewens van 'n paar honderd mense red! As jy nywerheidsgoedere kan uitvoer, moet asseblief nie al die geld in een of ander buitelandse rekening hou nie – bring dit terug in die vorm van iets waarby die land kan baat.

Miskien het jy jou plaas verloor, maar dit beteken nie jy het jou vermoë om te dink, verloor nie. Die land en sy mense het jou nodig. Dit het jou boerderyvaardighede

nodig. Moenie opkrul en doodgaan nie. Staan op, skud die stof van jou af, vind weer rigting en gaan vorentoe!

*Jes 51:21 "Daarom, hoor tog dit, ellendige, en jy wat dronk is, maar nie van wyn nie!*

*51:22 "So sê jou Here, YHWH, en jou God wat die saak van sy volk verdedig: Kyk, Ek neem die beker van bedwelming uit jou hand, die kelk van my grimmigheid; jy sal dit verder nie meer drink nie.*

*51:23 "Maar Ek sal dit in die hand gee van die wat jou droefheid aandoen, wat vir jou gesê het: Buig, dat ons oor kan gaan; en jy moes jou rug maak soos die grond en soos 'n straat vir die wat daaroor gaan."*

*Jes 52:1 "ONTWAAK, ontwaak, beklee jou met sterkte, o Sion, trek jou sierlike klere aan, o Jerusalem, heilige stad! Want in jou sal verder geen onbesnedene of onreine meer kom nie.*

*52:2 "**Skud jou los uit die stof**, staan op, sit neer, o Jerusalem! Maak los die bande aan jou hals, o gevangene, dogter van Sion!*

*52:3 "Want so sê YHWH: Vir niks is julle verkoop, julle sal ook sonder geld gelos word."*

Ek weet baie van julle sal met hierdie Skrif identifiseer – jy voel miskien asof jou gesig in die grond gevryf is en asof jou rug soos die straat geword het waarop mense loop. Maar dit is nie die einde van die storie nie. Laat jou ervaring toe om jou nader aan die genadige hand van God te bring eerder as wat jy in 'n bal haat en bitterheid opkrul.

**Die voëltjies sing nog**

Luister na die geluide van die voëltjies wat regtig nog sing. Laat jou oë nogsteeds die skoonheid van die kleinste blommetjies in die gras versteek, aanskou. Sien die genade van God in elke klein dingetjie wat jy ervaar. Oefen jou oë om enkelgesind te wees met jou fokus op God se koninkryk – om die dinge wat werklik saak maak, raak te sien – om die benarde toestand van die wese en die weduwees, van die armes en die mismoediges om jou raak te sien. En wees 'n boodskapper van lewe aan hulle.

Ek kan jou dit belowe: *Jy sal waarlik gelukkig wees en jou lewe sal betekenis hê*!

Met Jesus liefde aan elkeen van julle,

*Henry D Jackson*